

BELANGRIKE INLIGTING AANGAANDE FINANSIES

29 SEPTEMBER 2021

Ons wil graag ons ouers bedank wat, ten spyte van die huidige ekonomiese situasie, steeds u kinders se skoolfonds getrou betaal.

VERPLIGTING T.O.V. DIE BETALING VAN SKOOLFONDS

Volgens die Skolewet is 'n leerder wat ingeskryf is by die skool verplig om skoolfonds te betaal. Vrystelling of gedeeltelike vrystelling word toegestaan indien daar aan die kriteria, soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys, voldoen. Deur nie u skoolfonds te betaal nie oortree u dié statutêre verpligting en kan u geregtelik daarvoor aanspreeklik gehou word.

'n Vriendelike dog dringende versoek aan ouers wie se skoolgelde agterstallig is om die geleentheid te gebruik om met ons Invorderings klerk, Me Michelle Knoetze, kontak te maak by mknoetze@lardies.co.za of 012 3451032 om die nodige reëlings te tref.

Skoolgelde vir 2021 moet teen **31 OKTOBER 2021** ten volle betaal wees en die Naskoolgelde teen **30 NOVEMBER 2021**.

BANKBESONDERHEDE

Let asseblief op na u unieke rekeningnommer (Familiekode) wanneer u die betaling vir die kurrikulumfooi maak.

Laerskool Elarduspark

FNB Tjekrekening

Rekening no: 6257 5314 366

Takkode: 252 645

KURRIKULUMFOOIE VIR 2022

Tydens die Algemene Jaarvergadering van 9 November 2020, is dit goedgekeur dat die kurrikulumfooi vir 2022 betaalbaar is voor of op 31 OKTOBER 2021. Huidige leerders wat van voornemens is om Laerskool Elarduspark by te woon in 2022, MOET die kurrikulumfooi betaal. Kurrikulumfooi is **NIE TERUGBETAALBAAR NIE** en dien as die eerste paaiement (Januarie) vir 2022 se skoolgelde. Neem asseblief kennis dat indien u skoolfonds verskuldig is vir 2021 die kurrikulumfooi op die agterstallige bedrae verreken sal word en **NIE** as krediet teen die kurrikulumfooi vir 2022 nie.

Kurrikulumfooi/Naskoolregistrasie vir 2022 is as volg:

Graad 1 – 7	R2 300
Naskool Graad 1 – 7	R1 100

FINANSIËLE KANTOOR PERSONEEL

ME MICHELLE KNOETZE (INVORDERINGS)

mknoetze@lardies.co.za

- Uitstaande Debiteure/Agterstallige skoolgelde
- Invorderings – Oorhandigde rekeninge
- Algemene skoolgeld navrae

ME SUSAN OOSTHUIZEN (DEBITEURE)

susanoosthuizen@lardies.co.za

- Regstellings van foutiewe betalings gemaak
- Debietorders
- Vrystellings
- Algemene skoolgeld navrae

Dankie dat ons kan staatmaak op u positiewe gesindheid.

Die skrywe vir voornemende Graad R – leerders (2022) sal in Oktober aan ouers gestuur word.